

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 13
18 April 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

LANGNAWEEK

Die skool sluit vandag vir ‘n lekker lang naweek en maak eers weer oop op Din**sdag, 23 April 2019.** Geniet die langnaweek saam met u kinders. Dié van u wat ver gaan ry, ry asseblief versigtig, want u vrag is kosbaar.

SKOOLDRAG

Leerlinge moet vanaf **23 April 2019** die korrekte wintersdrag aantrek. Die voorskrifte daarvoor verskyn onder bronne op die D6 – skoolkommunikeerder asook in u kind se huiswerkboek op bladsy 8, no. 10.2. Ons is wel bewus daarvan dat die verskaffer nie genoeg dasse het nie, dus sal die das verskoon word maar u kind(ers) moet steeds in volledige wintersdrag geklee wees. Onthou asseblief baadjies elke dag.

KLASFOTO’S

Dié foto’s is alreeds vanaf, Woensdag, 17 April 2019 in die voorportaal vir besigtiging. Slegs een vorm per huisgesin moet voltooi en saam met die oudste/enigste leerling aan die onderwyser terugstuur of self by die kantoor voor/op, Maandag, 29 April 2019, ingehandig word (bestelvorm alreeds aan u op Woensdag 17 April 2019, gestuur) Betaling moet bestelling vergesel. Daar sal nie ‘n bestelling vir die foto(s) geplaas word indien die betaling nie saam met die bestelling vergesel word nie.

FACEBOOK BLAD: SKOOLKLERE

Die Facebook-groep, SKOOLKLERE - Laerskool Newtonpark, bestaan steeds en dit is lekker besig daarop.
Ons is tans op soek na iemand wat dit sal oorneem as administrateur. Dit behoort 'n kranige Facebooker te wees wat gereeld op Facebook is en wat nog baie jare as ouer by ons diens sal doen. U moet net by die groep aanteken en vir my boodskap stuur dat u belangstel om die administrateur te wees. By voorbaat dankie vir u ondersteuning hiermee.

TENNIS: MUSIC TRIVIA
Graag vestig ons solank u aandag op 3 Mei 2019 wanneer ons Tennis Music Trivia om 18:00 vir 18:30 in ons skoolsaal gaan plaasvind. Hierdie geleentheid, wat belowe om vol pret en pryse te wees en dien as fondsinsameling vir ons jaarlikse tennis-toer sowel as ligte en toerusting vir die bane. Meer inligting sal binnekort aan u op ons D6-skoolkommunikeerder sowel as ons Facebook-blad deurgegee word.

KULTUURAAND MET NATASHA JOUBERT : WOENSDAG, 12 JUNIE 2019
Reëlings vir ons kultuuraand saam met die bekende sangeres, Natasha Joubert, vir Woensdagaand, 12 Junie 2019 in ons skoolsaal is goed op dreef. Soos u reeds weet sal die kore ook saam met haar optree. Die kaartjies sal vanaf Dinsdag, 23 April by Mev. Laas in die kantoor en gasvrouens beskikbaar wees.

VOLKSKOOL-SPORTDAG
Daar gaan vandag ‘n pamflet saam met u kind(ers) huistoe wat u agter in u motor se venster kan plak om die dag te bemark. Daar sal ook ‘n brief met die program vir die Volkskool-sportdag op 27 April 2019 aan die kind(ers) op Dinsdag, 23 April uitgedeel word. Sien gerus die inligtingstuk wat op D6 gelaai is.
Elke graad is verantwoordelik vir ‘n stalletjie:

Graad R : Lekkergoed
Graad 1 : Slap tjips
Graad 2 : Koeldrank
Graad 3 : Koffiepot
Graad 4 : Pannekoek
Graad 5 + 6 : Vleispaleis
Graad 7 : Kaartjies

Baie dankie aan alle ouers wat reeds hard werk om van die dag ‘n reuse sukses te maak.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf, en bewys na fin@lnpark.co.za e-pos.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2019, sal 'n 5% korting toegestaan word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Moeilike keuses word makliker wanneer jy besef dat God steeds daar sal wees as jy klaar gekies het. Maak nie saak wat jy gekies het nie.

Braam Hanekom

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:

Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Di – 23 April	:	Kuns graad R – 2 **13:30-14:30** Kuns graad 3 **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00** Skaak: graad 1 – 2 **13:30 – 14:15** Skaak: graad 3 – 7 **14:20 – 15:15** Tennis: Grey/Collegiate B teen LNP snr. A (w) Tennis: Mount Pleasant A teen LNP snr. B (w) Tennis: LNP jnr. A teen Clarendon (t) Tennis: LNP jnr. B teen Mount Pleasant A (t)
Wo – 24 April	:	Klerewinkel: ***12:00-14:30*** Rugby: 0/13A teen Sonop **16:00 (t)** Rugby: 0/11A teen Sonop **15:15 (t)** Rugby: 0/9A teen Sonop **14:30 (t)**
Do – 25 April	:	Netbal: 0/10 teen Herbert Hurd **14:30 (t)** Netbal: 0/11 teen Herbert Hurd **14:30 (w)** Netbal: 0/9 teen Herbert Hurd **14:30 (w)** Dance Kids ballet graad R: **13:15**
Vr – 26 April	:	Klerewinkel ***07:30-12:00*** Drama graad R-2: 12:45-13:30 Drama graad 3-7: 12:45-13:45 Eko-Newtons
Sa – 27 April	:	Volkskool-sportdag by DF Malherbe

SPORT & KULTUUR

RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
17 April	0/13A	Tjaart van der Walt	LNP verloor 26 – 21
18 April	0/9A	Diaz	LNP wen 27 – 15 Jaco Jacobs (graad 3D) was as speler van die wedstryd aangewys

*Baie geluk aan J.C. Nortman in graad 2 S met sy uitstekende eerste 0/9 rugby drie!

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
16 April	Senior A	Sunridge A	LNP verloor met 2 potte
16 April	Senior B	Frans Conradie	LNP verloor met 13 potte
16 April	Junior A	Mount Pleasant	LNP wen met 10 potte
16 April	Junior B	Clarendon	LNP verloor met 5 potte

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
17 April	0/10A	Greenwood	LNP wen 13 – 0
18 April	0/11A	Greenwood	LNP wen 6 – 1
15 April	0/12A	Greenwood	LNP wen 10 – 1
15 April	0/13A	Greenwood	LNP wen 9 – 2

CHARLO 7'S – NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
13 April	0/13A	Paul Sauer	LNP verloor 5 – 6
13 April	0/13A	Rowallanpark	LNP wen 6 – 2
13 April	0/13A	Handhaaf	LNP verloor 4 – 5
13 April	0/13A	Bonzai	LNP verloor 1 – 2

OOS-KAAPSE RITMIESE GIMNASTIEK: DISTRIK PROEWE

Emma Gough in graad 2R het op Saterdag, 13 April aan die Oos-Kaap distriks-proewe vir Oos-Kaapse ritmiese gimnastiek deelgeneem. Sy het soos volg presteer:

Vlak 1 – 0/8 : Free dance – silwer medalje

Algehele posisie (0/8) : Eerste

Baie geluk!